www.PapaCambridge.com

UNIVERSITY OF CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
General Certificate of Education Advanced Subsidiary Level

**AFRIKAANS** **8679/02**

Paper 2 Reading and Writing **October/November 2011**

**1 hour 45 minutes**

Additional Materials: Answer Booklet/Paper

*0682507387*

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

If you have been given an Answer Booklet, follow the instructions on the front cover of the Booklet.
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer **all** questions in **Afrikaans**.
Care in the use of language and sentence construction will count in your favour.
Dictionaries are **not** permitted.

At the end of the examination, fasten all your work securely together.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Indien jy ’n vraestel/antwoordboek ontvang het, moet jy die instruksies op die voorste bladsy uitvoer.
Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam op al die stukke wat jy gaan inhandig.
Skryf met ’n donkerblou of swart pen.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of flaterwater gebruik nie.

Beantwoord **alle** vrae in **Afrikaans**.
Punte word toegeken vir taalgebruik. Goeie sinskonstruksie sal ook in jou guns tel.
Woordeboeke word **nie** toegelaat nie.

Maak seker aan die einde van die eksamen dat jou werk stewig vasgemaak is.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van ’n vraag gegee.

This document consists of **6** printed pages and **2** blank pages.

DC (RCL (KM)) 49511/2
© UCLES 2011

UNIVERSITY of CAMBRIDGE International Examinations

**[Turn over**

www.PapaCambridge.com

## Afdeling 1

Lees die volgende teks aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

**Hoeveel is *jou* vakansie werd?**

Daar is niks beter as 'n vakansie by die see nie. Die son wat bak, die ritme van die branders, en die sand wat tussen jou tone inkruip en daar bly totdat jy die volgende oggend in 'n bed vol korreltjies – maar ten minste met skoon voete – wakker word.

Partykeer is die reis daarheen net so wonderlik: jy ry see toe op grondpaadjies wat jou slinger-slinger en deur blomryke landskappe na jou bestemming neem. Almal agter in die kar of op die bakkie eet nartjies en drink koeldrank. Dalk tref jy plek-plek grasdakrondawels met hope houtstompe in die agterplaas aan, of witgekalkte vissershuisies. Beeste, bokke, skape, honde en kinders in skoolklere drentel langs of in die pad, of jy kom vroue teë met hooggestapelde bondels wasgoed op die kop, wat deur die grasvelde huis toe stap.

Dalk sien jy kinders wat sokker speel op skuins velde met krom stokke as doelpale, of perde wat rustig aansuiker stal toe terwyl die son ondergaan. En as jy uiteindelik by die see aankom, kan jy vir dae lank net op die oop strande lê sonder enige bekommernisse – behalwe miskien vir 'n swerm sandmuskiete wat op jou toesak soos musiekliefhebbers op die laaste drie Steve Hofmeyr-konsertkaartjies.

Maar is seevakansies, of inderdaad énige vakansie, deesdae 'n goeie idee? Gooi jy nie net letterlik jou geld in die water nie? Is daar nie belangriker dinge om jou hardverdiende loon op te bestee nie? Die wêreldwye finansiële krisis dwing almal om mooi na hulle geld te kyk en te bespaar waar mens kan, veral as die prys van jou inkopie-mandjie by die dag duurder word.

Benewens die kos is daar klere, petrol, skoolgelde en elektrisiteitsrekeninge waarvoor geld afgestaan moet word, en daar moet natuurlik ook 'n bietjie oorgehou word wat in die spaarvarkie kan gaan vir 'n reëndag. Is dit dus regtig wys om die paar sente wat jy oorhet op 'n week langs die water te spandeer?

Baie mense sal sonder om 'n oog te knip 'ja' sê. Vakansies is mos gemaak om te ontspan, 'n kans om weg te kom van die vervelige daaglikse roetine van werk en skoolgaan, skoolgaan en werk. En as jy dit langs die see kan doen, waar die gety jou probleme kan wegspoel en jy sandkastele kan bou (of jy nou 'n grootmens of 'n klein tjokkertjie is), soveel te beter!

*Verwerk uit: Weg!*

www.PapaCambridge.com

1 Vind die woord in **die eerste twee paragrawe** wat ooreenstem met die volgende de

**Voorbeeld**

**Vraag:** *tydperk waarin 'n mens nie hoef te werk nie*
**Antwoord:** *vakansie (paragraaf 1)*

**(a)** golwe [1]

**(b)** nie vuil nie [1]

**(c)** soms [1]

**(d)** eindpunt [1]

**(e)** hier en daar [1]

[Totaal: 5]

2 Herskryf die volgende sinne. Begin jou sinne met die woorde tussen hakies.

**Voorbeeld**

**Vraag:** *Partykeer is die reis daarheen net so wonderlik. (reël 4) (Die reis . . .)*
**Antwoord:** *Die reis daarheen is partykeer net so wonderlik.*

**(a)** Almal agter in die kar eet nartjies. (reëls 5–6) (Nartjies word . . . ) [1]

**(b)** Is 'n vakansie deesdae 'n goeie idee? (reël 15) (Is dit . . .) [1]

**(c)** Die prys van die inkopie-mandjie word by die dag duurder. (reël 18) (By die dag . . .) [1]

**(d)** Die wêreldwye finansiële krisis dwing almal om mooi na hulle geld te kyk. (reël 17) (Almal . . .) [1]

**(e)** Die gety sal jou probleme wegspoel. (reël 25) (Jou probleme . . .) [1]

[Totaal: 5]

www.PapaCambridge.com

**3** Beantwoord die volgende vrae in jou eie woorde. Bepaal jou by die teks, **maar m**[illegible]**e direk uit die teks oorskryf nie**, tensy dit spesifiek gevra word.

*(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik, dus 15 + 5 = 20.)*

**(a)** Waarom is ’n vakansie by die see die beste volgens die skrywer? (paragraaf 1). [2]

**(b)** Waarom is ’n tipiese reis na die see so besonders volgens die skrywer? (paragraaf 2). [3]

**(c)** In paragraaf 3 word daar ’n vergelyking gemaak. Identifiseer die vergelyking en verduidelik wat daarmee bedoel word. [2]

**(d)** **(i)** Identifiseer die beeldspraak in reëls 15–16. [1]

**(ii)** Verduidelik kortliks hoekom dit gepas is binne die konteks van die teks. [1]

**(e)** Verduidelik hoekom die skrywer wonder of dit verstandig is om geld uit te gee aan vakansies. Grond jou antwoord op paragrawe 4 en 5. [3]

**(f)** Hoekom sal baie mense “‘ja’ sê” sonder om ’n oog te knip? (reël 23). [2]

**(g)** Identifiseer die drie opeenvolgende woorde in paragraaf 6 wat aandui dat die skrywer negatief is oor werk en skool toe gaan. [1]

[Totaal: 20]

BLANK PAGE

www.PapaCambridge.com

BLAAI OM VIR AFDELING 2

www.PapaCambridge.com

## Afdeling 2

Lees die volgende teks aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

**Salig en sonder fiemies – die Krugerwildtuin se grootste geheim**

Pretoriuskop is die oudste kamp in die Krugerwildtuin – die eerste besoekers het al in 1928 hier kom vakansie hou. Vandag nog het die plek, met sy ou rondaweltjies in wye sirkels en groot koeltebome, daardie eertydse wildtuin-gevoel.

Baie mense sê Pretoriuskop het die minste wild van al die kampe in die Kruger, maar as jy weet waar om te kyk, sal jy baie meer as lang gras en enkele bobbejane sien. Selfs op ’n gewone dag sal jy die troppie rooibokke opmerk wat hulle intrek by die kampterrein geneem het. Die kamp se beste eienskap is natuurlik dat dit effens hoër lê as die ander kampe en dus ’n paar grade koeler is in die drukkende somermaande. En as die hoogte bo seespieël nie die knoop deurhak nie, is daar ’n swembad waarin jy kan afkoel. Hierdie swembad is seker die mooiste een in die hele wildtuin omdat dit bo-op ’n enorme rots gebou is.

Dit lyk dit of daar min moontlikhede is wanneer dit tyd word vir ’n wildsrit, maar die talle klein sirkelroetetjies rondom Pretoriuskop sal jou heeldag besig hou. Boonop is daar só min karre op dié paadjies dat jy maklik alleen met daai trop leeus sit. Rondom die kamp troon ’n klompie koppies bo die landskap uit, en jy sal gereeld ’n luiperd of twee hier raakloop. Die kamp is veral baie gewild onder mense wat lief is vir skaars boksoorte soos die swartwitpens, tsessebe en Lichtenstein-hartebees, spesies wat almal van die tipe veld in hierdie deel van die wêreld hou.

Daar is selfs ’n paar spesiale staproetes in die nabye omgewing van Pretoriuskop waar jy uit jou kar kan klim om bene te rek en die omgewing ordentlik te kan verken, of daardie mooi blommetjie of sprinkaan met die kamera van naby af te neem. Sorg net dat jy binne veilige afstand van die voertuig bly en moet om hemelsnaam niks agterlaat nie.

En as jy bietjie wil ontspan na ’n lang dag van diere kyk, is daar ’n restaurant, kroeg en winkeltjie om jou besig te hou. Of anders kan jy sommer net op jou rug in die swembad gaan dryf terwyl jy ’n ogie oophou vir ’n witkruisarend wat statig oor jou kop sweef. Hoe salig, luilekker en eg Suid-Afrikaans!

*Verwerk uit: Weg!*

www.PapaCambridge.com

**4** Beantwoord die volgende vrae in jou eie woorde. Bepaal jou by die teks, **maar m**[illegible]**e direk uit die teks oorskryf nie**, tensy dit spesifiek gevra word.

*(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik, dus 15 + 5 = 20.)*

**(a)** Omskryf in jou eie woorde hoe Pretoriuskop in die titel beskryf word. [3]

**(b)** Na watter tydperk verwys die woord 'eertydse'? (reël 3) [1]

**(c)** Wat maak die kamp aantreklik vir besoekers en watter nadeel word ook genoem? (paragraaf 2) [4]

**(d)** Volgens die teks, wat is die twee kenmerkende eienskappe wat die swartwitpens, tsessebe en Lichtenstein-hartebees deel? [2]

**(e)** Wie sal die 'spesiale roetes' (reël 17) geniet en waarom? [4]

**(f)** Hoe word daar gesorg dat besoekers saans nie verveeld is nie? [1]

[Totaal: 20]

**5** **(a)** Vergelyk hoe die skrywers van die twee tekste wat jy gelees het die onderwerp van vakansies benader deur verskille en ooreenkomste uit te wys en kortliks te bespreek.

Skryf 100–120 woorde. [10]

**(b)** Is vakansies deesdae 'n luukse of 'n noodsaaklikheid in Suid-Afrika en Namibië? Wat is jou opinie hieroor?

Skryf ongeveer 50 woorde. [5]

[Taalgebruik: 5]

[Totaal: 20]

**BLANK PAGE**

www.PapaCambridge.com

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

University of Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of